# WAT VIER CHRISTENE TYDENS KERSFEES?

Tydens Kersfees word die verhaal van Jesus se geboorte vertel. Gedurende hierdie tyd hoor ons ook van Betlehem, die krip, skaapwagters, wyse manne, engele en vele meer.

Gedurende Kersfees vier Christene God se seun, Jesus, wat as mens aarde toe gekom het. Dit is ŉ wonderlike verhaal: Jesus is as ŉ hulpelose baba in ŉ arm gesin gebore in ŉ land wat deur buitelandse heersers onderdruk is. Dit is juis in hierdie situasie wat die Kersboodskap ekstra krag dra. God gee om oor mense se lot; ŉ nuwe begin is altyd moontlik en kwesbaarheid oorwin mag.

## Wat sê die Bybel oor Kersfees?

Die Bybel sê niks oor ons Kerspartytjie, die boom, kerse of Kersete nie. Die Bybel vertel egter verskeie verhale oor die geboorte van Jesus.

## Lukas: die krip en die engelekoor

Ons vind die bekendste verhaal in hoofstuk 2 in die Evangelie volgens Lukas: "In daardie tyd het keiser Augustus ŉ bevel uitgevaardig dat ŉ volkstelling in die hele ryk gehou moet word." Volgens hierdie sensus moes alle burgers van die Romeinse Ryk hulle in hul geboortestad registreer. Josef, ŉ skrynwerker van Nasaret, en sy swanger verloofde, Maria, moes ook na Betlehem reis. Nege maande vantevore het ŉ engel aan Maria verskyn en vir haar vertel dat sy deur die Heilige Gees sal swanger word (Lukas 1:26-36). Die kind is in Betlehem gebore en Maria het hom in die diere se krip neergelê "omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie" (Lukas 2:7). Hulle is die eerste keer besoek deur ŉ groep skaapwagters aan wie engele die blye boodskap gedeel het: "Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!" (Lukas 2:11).

## Matteus: ŉ ster, goud, wierook en mirre

Matteus vertel die verhaal vanuit ŉ ander oogpunt: Daar is nie ŉ reis, ŉ krip of ŉ engelekoor nie, maar ŉ groep "wyse manne". Hierdie sterrekykers het uit ŉ ver land in Jerusalem aangekom om na die nuwe koning te soek wie se ster hulle in die lug sien opkom het. Koning Herodes, wat op daardie stadium in Jerusalem aan bewind was, het probeer uitvind watter kind dit was sodat hy daarvan kon ontslae raak. Sy plan het egter misluk: Die wyse manne het vir Jesus gevind en hulle het vir hom koninklike geskenke gegee. Daarna het hulle met ŉ ander pad na hul land toe teruggegaan sonder om vir Herodes daarvan te sê. Terloops, al beskryf die Bybel die besoekers nie spesifiek as die "drie wyse manne" nie, verstaan ons dit tog so, want hulle het drie geskenke gebring: mirre, wierook en goud.

## Johannes: lig in die duisternis

Johannes se verhaal aangaande Jesus wat aarde toe gekom het, is ietwat anders. Hy verwys glad nie na Jesus se geboorte nie, maar lê hoofsaaklik klem op Jesus se identiteit: God se Woord wat van die begin af by God was en waardeur alle dinge ontstaan het. Hy beskryf Jesus as die lig wat in die duisternis skyn, sonder dat die duisternis dit oorweldig.

## Wat van die geboorte?

Tydens die Kersseisoen sien jy dikwels uitbeeldings van Jesus se geboorte by kerke of in mense se huise. Sommige elemente van die geboorte kom direk uit Lukas se Kersverhaal: Maria en Josef, die krip, die skaapwagters en die engele. Dikwels word die sterrekyker wat in Matteus voorkom bygevoeg en kort voor lank verskyn die wyse manne ook op die toneel. Boonop word die verhaal wat iewers in ŉ afgeleë stal afspeel ook nie in Lukas genoem nie. In daardie tyd is ŉ deel van die huis dikwels as ŉ stal gebruik. Daarom kon die voerbak ook op die eerste verdieping van ŉ gewone woonhuis wees. Wat Lukas hoofsaaklik wil beklemtoon is dat Jesus nie as ŉ magtige koning in die middel van die nag gebore is nie. Hy is gebore in ŉ afgeleë plek onder die armoedigste omstandighede.

## Wat het die Kersfeesster met Kersfees te doen?

Tydens die Kersseisoen versier baie mense hulle huise met liggies wat dikwels in die vorm van sterre is. Dit verwys na die verhaal in Matteus van die wyse manne wat die ster gebruik het om hulle na Jesus te lei. Daardie ster was ook sigbaar in hulle verre land, net soos Jesus, wat vir almal gebore is en nie net vir Israel nie – volgens Matteus. Die ligte sluit ook mooi aan by wat ons van Jesus in Johannes lees – Hy is die lig wat in die duisternis skyn. Die ster en liggies is ŉ teken dat die duisternis op die ou einde nie sal oorwin nie.

Vir Christene is Kersfees tesame met Paasfees die belangrikste viering(e) van die jaar. Jesus het immers aarde toe gekom as ons Verlosser: Hy wou dinge weer regmaak tussen God en mens. Tydens Paasfees vier ons dat Jesus die duisternis – en selfs die dood – oorwin het.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika